# ONTMOETINGS MET GOD

# Deel 2 - Elia

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Is jy 'n persoon wat meestal die glas halfvol of halfleeg sien? Hoekom dink jy is dit so?**

**Het jy al ooit 'n baie lae punt in jou lewe beleef? Wat het bygedra tot dit? Hoe het jy dit oorwin?**

**Hoekom dink jy is ons geneig om onsself van mense te onttrek wanneer dit moeilik gaan in ons lewens?**

**In die preek is genoem dat 4 faktore bygedra het tot Elia se depressie*: 1) Verkeerde Gedagtes; 2) Isolasie; 3) Gelei deur emosies; en 4) Vergelyking.* Vir watter een van hierdie 4 moet jy op die uitkyk wees in jou lewe? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**2 Korintiërs 1:8-10. Hoe laat dit jou voel om te besef dat selfs Paulus so 'n laagte punt beleef het?**

**Soms sal Christene aan ander mense sê dat hulle moet meer geloof hê of hulle is buite die wil van God as hulle 'n laagte punt beleef. Hoe weerlê Paulus se situasie daardie argument? Dink jy dus dit is moontlik om binne die wil van God te wees en 'n laagte punt te beleef? Verduidelik jou oortuiging.**

**2 Korintiërs 1:9. Wat was Paulus se behoud in sy moeilike situasie? Hoe bly 'n mens op God vertrou in moeilike omstandighede?**

**2 Korintiërs 1:10. Paulus maak dit duidelik dat God Hom gered het, besig is om te red en hom weer sal red. Hoekom dink jy moet ons onthou wat God gedoen het in die verlede wanneer ons tans in moeilike omstandighede is?**

**2 Korintiërs 12:8-9. Hoekom dink jy neem die Here soms nie ons moeilike omstandighede weg nie?**

**In die preek is 4 dinge genoem wat ons kan toepas: *1) Word fisies gesond; 2) Stort jou hart uit voor God; 3) Ervaar die krag en teenwoordigheid van God; en 4) Laat God jou 'n nuwe rigting en doel vir jou lewe gee.* Watter een van hierdie 4 wil jy aandag aan gee in die volgende paar weke?**

**Wat kan jy met jou groep deel waarvoor hulle vir jou kan bid?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**